

# Die Etiese Beginsels

Ons maatskappy stem in om die beginsels van die WIETA Etiese Kode te respekteer en te handhaaf.



## Die besigheid word eties bestuur

Ons verseker dat die besigheid op 'n etiese wyse bestuur word en het 'n etiese kode aangeneem wat ons werks- en leeftoestande reguleer.



## Geen kinderarbeid nie en beskerming vir jong werkers

Ons neem nie enige kinders onder 15 jaar in diens nie en in gevalle waar jong werkers in diens geneem word, verseker ons dat ons die minimum vereistes van die wet nakom.



## Geen gedwonge of gebonde arbeid nie

Ons gebruik en ondersteun nie gedwonge, gebonde, tronk- of ingeboekte arbeid nie.



## 'n Veilige en gesonde werksomgewing

Ons verskaf 'n veilige en gesonde werksomgewing vir ons werknemers.



## Vryheid van assosiasie en die reg om kollektief te beding

Ons respekteer ons werknemers se regte om by vakbonde of organisasies van hul eie keuse aan te sluit of te stig, en om kollektief te beding.



## Geen onbillike diskriminasie nie

Ons diskrimineer nie teen enige werknemer nie, insluitend geen gevalle van seksuele of rasseteistering nie, en bied gelyke geleenthede vir almal.



## Strewe na die betaling van 'n menswaardige loon

Ons streef na die betaling van 'n menswaardige loon aan ons werknemers en sal as minimum nie minder betaal as die nasionale wetlike standarde nie.



## Geen buitensporige werksure nie

Ons verseker dat werknemers billike werksure werk en dat ons voldoen aan die vereistes van die wet met betrekking tot werksure.



## Billike behandeling en dissiplinêre maatreëls

Ons behandel al ons werknemers met menswaardigheid en respek, en gebruik billike dissiplinêre prosedures. Werkers word aangemoedig om gebruik te maak van die griesprosedures en werkers wat hierdie prosedures gebruik word nie gedissiplineer, ontslaan word of teen gediskrimineer word omrede hulle van griesprosedures gebruik maak nie.



## Voldoende behuisingstoestande en sekerheid van verblyfreg

In gevalle waar ons verblyf op die plaas verskaf, sal werknemers en die plaaseienaar verseker dat die verblyf skoon en veilig is en minstens voldoen aan die basiese behoeftes van die okkuperders in terme van die kode en ESTA Wet.



## Gereelde indiensneming word verskaf

Ons streef daarna om gereelde indiensneming te verskaf gebaseer op 'n verhouding wat kontraktueel gereguleer word. Indiensneming verskaf deur tydelike indiensnemingsdienste sal ook voldoen aan die standarde van die etiese kode en Wet.

Kontak die WIETA-arbeidsafdeling met enige vrae oor die WIETA-kode of indiensnemingstandaarde.

**063 766 6548**

WIETA-WhatsApp-lyn

**0800 627 774**

WIETA-tolvrye nommer